

26 Januarie

**Skrifgedeelte: Romeine 8:18-25**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:19**

### **Die skepping wag op verlossing**

Ons sien hoe die mensdom swaar onder lyding gebuk gaan. Lyding wat sy ontstaan te danke het aan God se straf op die mens se ongehoorsaamheid. Die straf het egter nie net 'n effek op die mensdom gehad nie, maar op die hele skepping (sien Gen. 3:17-18). Die nie-menslike deel van God se skepping, lewend en nie-lewend, is aan verydeling (agteruitgang) onderwerp as gevolg van die mens se sonde.

Daarom sien die skepping met gespanne verwagting daarna uit dat God bekend sal maak wie sy kinders is. Uit verse 14-17 weet ons dat gelowiges reeds die kinders van God is, in Christus – tog bly ons sekerheid daarvan nog 'n saak van geloof en nie van aanskoue nie. God sal ook die skepping van “*sy verslawing aan die verganklikheid*” bevry.

In Openbaring 21 lees dat daar met die koms van Christus 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde gaan wees, waar God al die tranes van ons oë sal afdroog, waar daar geen dood meer gaan wees nie, ook geen leed, smart of pyn nie, want God gaan alles nuut maak.

Saam met die gelowiges wag die skepping dus op die verlossingsdag wat kom. Mag ons deur die werking van die Heilige Gees styf vashou aan wat ons het, sodat niemand die kroon van ons wegvat nie. Want ons Verlosser, Jesus Christus kom. Saam met die skepping kan ons met gespanne verwagting na die dag van die Here uitsien.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 3, 4 / Skrifberyming 30:1, 4, 5

Ds. RP Buys (Nelspruit)